Studente maak kontak met 'regte wêreld'

Ter ondersteuning van 'n inisiatief om studente meer werksgereed te maak deur hul in staat te stel om met kantoortegnologie te werk, het Senwes, in samewerking met iVolve, tien nuwe rekenaars ter waarde van R65 000 aan die Vuseleli Sport Sim, Vuselela TVET College se eerste werksomgewingsimulasiesentrum, geskenk. Hierdie ten volle toegeruste sentrum, wat onder andere kantooradministrasie-, bestuurs- en bemarking-studente in staat stel om 'n praktiese werksondervinding in 'n gesimuleerde kantooromgewing te geniet, is op 4 Februarie op Vuselela College se Klerksdorp-kampus in gebruik geneem. Die borgskap vorm deel van 'n vennootskap wat in 2012 tussen Senwes en Vuselela College ontstaan het.

Joe Maswanganyi (Senwes uitvoerende direkteur) het die rol van tersiêre instellings in die voorbereiding van jongmense vir die nodige vaardighede wat in 'n tipiese werksomgewing benodig word, beklemtoon. Hy het ook gesê die vaardighede moet relevant wees tot die behoeftes van die sakewêreld. Volgens die hoof van Vuselela College, Ann Naik, is dit baie moeilik om ondersteuning van maatskappye te kry en dat dit hulle mandaat is om te verseker studente beskik oor teoretiese maar veral praktiese kennis.

Die toekoms lyk belowend vir studente by Vuselela TVET College in Klerksdorp wat nou 'n ten volle toegeruste kantooromgewingsimulasiesentrum danksy 'n skenking van tien rekenaars van Senwes en iVolve het. Hier toets Betty Sarel (student) een van die splinternuwe rekenaars in die sentrum, terwyl Joe Maswanganyi (Senwes- uitvoerende direkteur), links, Tshepang Khozi (student) en Alida Janse van Rensburg (dosent) in die opwinding deel.

Louis Dreyfus Commodities en NWK

vennote in eetbare olie-onderneming

Wêreldwye landbousakeleier Louis Dreyfus Commodities en landbou-onderneming NWK Bpk van Lichtenburg het hulle vennootskap uitgebrei deur middel van Epko, 'n sonneblomsaad-persaanleg wat in Lichtenburg geleë is. Epko Oil Seed Crushing is in 1997 in Lichtenburg as 'n volfiliaal van NWK gevestig met die doel om sonneblomsaad te verwerk. Ná 'n tolpersooreenkoms met Epko die afgelope vier jaar het Louis Dreyfus Commodities Africa (Edms) Bpk nou 50% van NWK se aandele in die maatskappy verkry. Die twee aandeelhouers het gesamentlik ooreengekom om die aanleg te moderniseer en die kapasiteit teen die middel van 2016 uit te brei.

"Die twee vennote dra aanvullende vaardighede tot die gesamentlike onderneming by. Louis Dreyfus Commodities het uitgebreide kundigheid ten opsigte van risikobestuur en die bemarking en verspreiding van eetbare olies, terwyl NWK die beste plaaslike kennis ten opsigte van die produksie, opberging, hantering en industriële bedrywighede bydra," sê Danie Marais, besturende direkteur van NWK. "Hierdie vaardighede, gekombineer met die aanleg se goeie ligging en ons stewige uitbreidingsprogram, behoort Epko op 'n gelyke voet met die doeltreffendste aanlegte in sy kategorie te plaas." Dit is die tweede gesamentlike onderneming tussen Louis Dreyfus Commodities en NWK nadat hulle NWK Agri-services in Zambië drie jaar gelede verkry het.

Witzenberg reg met vernuwende grondplan

Witzenberg, wat Ceres, die Koue Bokkeveld, Wolseley, Tulbagh, Breërivier-Noord en die Ceres Karoo insluit, het reeds ver gevorder met die implementering van 'n vernuwende grondhervormingsplan. Die Witzenberg Partnership is gevorm ná 'n ooreenkoms tussen die landbouprodusente, Witzenberg Munisipaliteit en die gemeenskap. Die partye het ooreengekom om grondhervorming op 'n unieke wyse te versnel, asook om ekonomiese groei, werkskepping en maatskaplike harmonie te bevorder. Die ooreenkoms sluit in om suksesvolle swart boere te vestig, die hele gemeenskap in 'n inklusiewe proses te betrek, die inisiatief uit te brei na ander areas en landbouverwante aktiwiteite, die Witzenberg Sentrum as 'n "eenstopwinkel" te vestig en te fokus op opleiding en mentorskappe. Die implementering geskied in lyn met die beginsels van die Nasionale Ontwikkelingsplan en die Munisipaliteit se Geïntegreerde Ontwikkelingsplan. Die Pals-raamwerk (Partnerships in Agri Land Solutions) word vir projekte gebruik. Pals verskil van vorige grondhervormingsmodelle in Suid-Afrika:

- Deelnemende kommersiële boere skenk 30% van die aandele in 'n projek aan die begunstigde boer(e), wat verseker dat laasgenoemde 'n veto oor alle belangrike besluite het.
- Die verhouding tussen die begunstigde en die kommersiële vennoot gee die swart begunstigde beter toegang tot finansiering en waarborg toegang tot markte.
- Die begunstigde boer word gevrywaar van skuld vir solank as wat hy of sy 'n minderheidsaandeelhouer in die nuwe maatskappy is.
- 'n Unieke werkerstrust ontvang 'n gedeelte van die wins vir gemeenskapsprojekte van hul keuse.
- Die swart aandeelhouer verkry dadelik 'n opsie om die meerderheid aandele te koop.
- Die Witzenberg Sentrum verskaf 'n fisiese adres vanwaar beplanning, finansiering, koördinering, fasilitering asook monitering en mentorskapfunksies geïmplementeer word.

Twee Pals-projekte is reeds in 2012 suksesvol geïmplementeer op plase in die Ceres-distrik. Die Witzenberg Partnership gaan nou ongeveeer 50 nuwe boerderyprojekte loods met individue wat die potensiaal het om suksesvolle swart boere te word.

Die minister van landbou, bosbou en visserye Senzeni Zokwana het die projek vroeër vanjaar besoek.